Bybel vir Kinders
bied aan

Paulus se Verbasende Reise



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Aangepas deur: Ruth Klassen
Alastair Paterson
Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Paulus en Silas, Jesus se dienaars, was in die tronk.

Nee, hulle het nie iets verkeerds gedoen nie – hulle het net 'n duiwel uit 'n vrou gedryf.

Hulle het die mense van Filippi, wat afgode gedien het, die krag van die ware God en sy Seun, Jesus, gewys.



Daarvoor
is hulle
gearresteer,
geslaan en
opgesluit.



Mens sou verwag Paulus en Silas sou kwaad en verbitter wees. Maar hulle was nie.



Om
die waarheid
te sê, teen
middernag
het hulle
lofliedere
vir God gesit
en sing.



Al die ander gevangenes en die bewaarder het na hulle geluister.

Skielik het die singery opgehou. God het 'n AARDBEWING gestuur om die tronk te skud. Al die deure het oopgegaan. Almal se kettings was los.



O gids! Die bewaarder was seker al die gevangenes het ontsnap tydens die opskudding. Selfs as net één ontsnap het, sou die bewaarder met die dood gestraf word.

Hartseer het die bewaarder sy swaard uitgetrek. Hy kon nou maar net sowel homself doodmaak en klaarkry.

Maar Paulus
het uitgeroep:
"Moenie jouself
doodmaak nie!
Ons is nog
almal hier."

Toe die bewaarder dit sien, het hy gesê: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?”



Hulle antwoord hom toe: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.” Vol blydskap het die bewaarder gelowig geword.

Die volgende dag is Paulus en Silas vrygelaat. Hulle het na vele ander stede toe gereis en die mense van Jesus vertel.

Party mense het geglo, maar ander het hulle probeer kwaad aandoen. Maar God was by sy dienaars.

Een nag het Paulus baie lank gepreek. 'n Jongman wat op die vensterbank gesit het, het aan die slaap geraak. Jy kan seker raai wat gebeur het.

Almal het besef die jongman is dood.

Hulle het toe,
vol blydskap,
die seun lewend
huistoe geneem.

Paulus en Silas het vele avonture beleef tydens hulle reise deur Europa.



Een van Paulus se grootste avonture het gebeur toe hy op 'n skip was.



Daar was nog nie groot staalskepe nie, net seilbote wat maklik rondgeslinger is in stormweer.





Paulus was op die
skip omdat hy weer
gearresteer was.



Hy moes hierdie keer voor die keiser in Rome, die hoofstad van die wêreld, verskyn. Sterk winde het die skip teruggehou.



Stormweer was oppad. Dit was 'n rowwe vaart vir Paulus en die ander gevangenes, sowel as vir die bemanning.

“Manne, ek sien dat ons vaart in ‘n ramp gaan eindig,” het Paulus gewaarsku. Die kaptein het nie geluister nie. Hulle is die oop see in.

En toe 'n groot storm hulle tref, het hulle toue om die skip vasgemaak en gehoop dit sou skipbreuk verhoed.

As die skip sou opbreek, was 'n watergraf almal se voorland.



Die skip is só rondgeslinger dat die kaptein beveel het dat almal dit moet help ligter maak.

Op die derde dag het hulle die skeepsgereedskap oorboord gegooi. Miskien sou dit help.



Gedurende die nag het
'n engel by Paulus gestaan
en vir hom gesê dat dinge
reg sou
uitwerk.

Die ander het moed geskep toe Paulus gesê het: "Hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het.

Dit is so bestem dat ons êrens op 'n eiland moet strand."

'n Paar dae later is die skip tot naby die eiland Malta gewaai. Dit het op 'n sandbank gestrand en uitmekaar gebreek.

Die kaptein het almal wat kon swem beveel om eerste oorboord te spring en land toe te swem.



Die res het toe ook veilig ontkom, party op planke en party op ander wrakstukke van die skip.

Op Malta het God sy krag vertoon. Terwyl hulle vuurmaakhout bymekaar gemaak het, het 'n slang Paulus gebyt.

Die mense het gedink hy sou sterf. Maar die slang se byt het hom niks gedoen nie.

Toe het die mense gedink Paulus is 'n god. Baie siek mense het gekom en gesond geword nadat Paulus vir hulle gebid het.

Uiteindelik het Paulus in Rome aangekom. Dit het meer as twee jaar geneem vir sy hofsaak om verhoor te word.

Gedurende daardie tyd het Paulus 'n huis gehuur en besoekers ontvang. Weet jy waaroor het Paulus met sy besoekers gepraat?

Oor die koninkryk van God! Oor die Here Jesus Christus! Paulus was God se dienaar in Rome, net soos op al sy ander reise.

“Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, ek het gelowig enduit volgehou,” het Paulus van Rome af geskryf.



Die Bybel vertel nie vir ons hoe Paulus se lewe geëindig het nie, maar ander bronne sê dat Paulus in Rome onthoof is op bevel van keiser Nero.



Paulus het gesterf soos hy gelewe het – as 'n getroue dienaar van God wat ander mense van Jesus Christus vertel het.



Paulus se Verbasende Reise

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Handelinge 16, 27, 28

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!
Johannes 3:16